**AFRIKAANS -** ***“Who will deliver me?”***

# WIE SAL MY VERLOS ?

Op ‘n sekere Sondag het ek die wonderlike Evangelie in die klein dorpie van ‘n sekere hoofman in Basoetoeland verkondig. ‘n Groot skare, tesame met die hoofman en sy vrou, het bymekaar gekom om die Woord van God te hoor. Die lewende Woord, wat kragtiger en skerper is as enige tweesnydende swaard het diep in die harte van die persone gedring.

Onderwyl ek nog preek, het die vrou van die groot Hoofman, die Koningin, bitterlik begin huil. Met trane wat oor haar wange vloei, het sy opgestaan en uitgeroep, “Wie sal my verlos? Help my asseblief, my hart is baie seer, ek is ‘n ellendige en veragtelike persoon. Wie kan my help? Wie sal my verlos van hierdie vreeslike slawerny van sonde? Wat moet ek doen? Julle ken my almal, ek is die vrou (koningin) van die Hoof en ook een van die gebedsvroue.

**WIE SAL MY VERLOS ?**



***Hy wat die sonde doen is uit die Duiwel. 1 Joh. 3:8***

Ek het vir meer as twintig jaar die kerk besoek maar geeneen van die dinge het my gehelp nie, hulle kan my nie bevry nie, sonde het my gebind. Ek is ‘n dronkaard en ‘n moordenares. My hande is besmet en sondig omdat hulle besig is met biermakery – daardie vervloekste drank! Sonde het my hande en voete vasgebind, ek is ‘n gevangene van die Hel!”

Sy het weer bitterlik gehuil en gaan sit en hard uitgeroep: “Help my! Help my! Wie sal my verlos? Wie sal my van hierdie bande van sonde verlos? Ek het God lief maar sonde oorheers my, die sonde sleep my reguit na die verderf toe. Ek het my eersgeborene seun vermoor, ek was dronk toe ek hom op my rug gedra het en in my dronkenskap het ek met hom geval en my geliefde seun se kop op die grond pap gedruk sodat hy gesterf het. Help my asseblief, verlos my van hierdie dood! Heidendom het my nie gehelp nie. Godsdiens het my nie gehelp nie. Wie kan my help? Wie sal my verlos?”

Ek het geantwoord en gesê: “Vrede vir jou. Moet nie wanhopig wees nie. Jou probleem is almal se probleem. Die Boek van die Here, die Bybel, verskaf die antwoord op jou hartsbegeerte. *Rom. 7:15-25,* vertel ons hoedat sonde ons regeer maar vertel ons ook van die Een wat ons kan verlos.”

Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; ek wil goed doen maar het geen krag om dit te doen nie. Want die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die kwaad wat ek haat en wat ek nie wil nie, dit doen ek. Die sonde wat in my is, dwing my om die slegte aanhoudend te doen en die goeie wat ek werklik wil, doen ek nie. Ek verbly my in die wet van die Here na die innerlike mens, maar daar is ‘n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde. Eendag sal dieselfde geroep van almal se harte kom – **“Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos?”** As ons tot God roep sal Hy ons antwoord gee en ons verlos.

## DIE ANTWOORD

*“Ek dank God deur Jesus Christus” Rom. 7:25. “As die Seun julle dan vrygemaak het sal julle waarlik vry wees.” Joh. 8:36.*

Christus is die antwoord op al ons vrae: die antwoord op jou vraag. Die saligheid is in geen ander naam as in die Naam van Jesus waardeur ons gered moet word nie. *Han. 4:12.* Slegs Jesus kan ons van ons sonde reinig. Geen dokter, geen medisyne, geen toordokter, geen mens,

geen prediker of priester, geen kerk kan ons van ons sondes verlos nie. Net Jesus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, kan jou red deur Sy bloed en deur die krag van Sy Gees.

Jesus, die Seun van God het na hierdie wêreld gekom "Om blinde oë te open; om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit." *Jes. 42:6,7.* Jesus het gesê: "Elkeen wat die sonde doen, is 'n slaaf van die sonde, maar as die Seun (van God), julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees." *Joh. 8:34-36.* Jesus is die waarheid wat vrymaak.

Jesus die Seun van God het al ons sonde op Hom geneem na die Kruis toe. Jou sonde is aan die Kruis vasgenael. "Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons smarte – die het Hy gedra. Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." *Jes. 53:3-7.*

**EK DANK GOD DEUR JESUS CHRISTUS**




*Wie deur die Seun (Jesus) vrygemaak word, sal waarlik vry wees. Joh. 8;36*

Barabbas was 'n sondaar en 'n moordenaar wat tot die dood veroordeel was. Hy moes gekruisig word, maar Jesus het sy plek gneem en die Kruis gedra waaraan Barabbas moes sterf. Jesus, die Seun van God,

was in die plek van Barabbas gekruisig, in my en in jou plek, die moordenaar was vry gelaat omdat iemand anders sy dood gesterf het. Jy en ek is daardie Barabbas.

Die loon van die sonde is die dood, maar die gawe van God is die ewige lewe in Jesus Christus. As jy in geloof na die kruis van Jesus kyk, sal jy jouself en jou sonde daaraan vasgenael sien. Jesus het jou plek aan die kruis geneem sodat jy vir ewig mag lewe. Hy het Sy bloed vir die vergifnis van jou sonde gestort. Want so lief het God jou gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat jy nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Nadat die Hoofman se vrou al hierdie woorde gehoor het, het sy ten volle in Jesus geglo en haar hart aan Hom gegee wat vir haar aan die kruis gesterf het, en Sy kosbare bloed gestort het om haar hart van alle sonde te reinig. Sy het haar sondige hart aan God gegee en God het haar 'n nuwe hart gegee en haar met die Heilige Gees gevul. Hy het nie alleen haar sonde vergewe nie, maar het haar ook van die mag en heerskappy van die sonde bevry.. Sedertien het sy vir baie jare 'n mooi, skoon en 'n seëvierende lewe gely. Sy drink geen bier in enige vorm nie, rook of snuif geen tabak nie en leef 'n rein lewe en is ook 'n magtige getuienis van die waarheid, dat hy wat in Christus Jesus is, 'n nuwe skepsel is: "Ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword." *11 Kor. 5;17.*

Geagte leser, jy kan ook vrygemaak word deur te glo in Jesus Christus. Jesus het gesê: "Kom na My toe, **ALMAL** wat vermoeid en belas is en Ek sal jou rus gee." Kom na Christus net soos jy is of waar jy ookal is. Vertel Hom van al jou sondes en probleme. Hy sal jou nie wegstuur, as jy met 'n nederige, berouvolle en gelowige hart kom nie. Miskien is jy 'n ou kerkganger, maar is deur sonde gebind. Kom na Jesus toe, Hy sal jou onmiddellik vry maak op dieselfde manier waarop Hy die melaatse en die blinde genees het. Jesus is nog dieselfde en kan die gebroke hart genees en die gevangene bevry. Hy vergewe al ons ongeregtighede en genees al ons krankhede.

---

Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan:

**E-MAIL: info@angp.co.za**

**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**

**Posbus 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**

('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)

(Reg. No. 1961/001798/08)